Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

4 September 2026 Uitgawe: 7/3/2026

# UIT DIE KANTOOR

**Van Engels tot lente – en nou die laaste skof van die kwartaal**

Soos ons weer 'n besige week by Tjokkies afsluit, is daar heelwat om oor dankbaar en trots te wees. Ons staan aan die einde van 'n besonder suksesvolle *English Week*, waartydens ons leerders werklik met entoesiasme en oorgawe by die program ingekoop het. Dit is altyd besonders om te sien hoe leerders nuwe uitdagings aanvaar en hulself buite hul gewone gemaksone begewe. 'n Opregte woord van dank aan ons ouers wat hierdie inisiatief van die skool ondersteun en aangemoedig het. Baie geluk ook aan al ons deelnemers aan die Spelling Bee saam met Primêre Skool Willem Postma asook ons eie Public Speaking geleentheid. Ons is trots op elkeen van julle! Baie geluk aan al die leerders wat plekke behaal het.

**Lentedag:**

Al het die weer, soos dit maar gewoonlik gebeur wanneer skole besluit om 'n lentedag te hou, nie heeltemal saamgespeel het nie, was dit steeds 'n heerlike dag. Die leerders se uitbeelding van hul gunsteling boekkarakters het sommer 'n besondere, ontspanne en vrolike atmosfeer op die skoolterrein geskep. 'n Groot dankie aan ons leerderraad en hul ouers wat soveel moeite gedoen het om die terrein te verfraai, asook vir die heerlike bederf wat aan die personeel gebied is. Sulke gebare word opreg waardeer.

Volgende week skuif ons fokus effens en begin die toetsweek vir Graad 4–7. Ouers sal opmerk dat dit 'n verkorte toetsweek is, met slegs enkele vakke wat formeel geskryf word. Die ander vakke se kwartaalpunte word saamgestel uit onder andere opdragte en klastoetse. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie werkswyse volgens die voorgeskrewe sillabus en assesseringsprogram is. Ons moedig ons leerders aan om die week met erns aan te pak en hul beste te lewer.

**Hokkieseisoen:**


Intussen is ons ook besig om die laaste skof van 'n baie besige hokkieseisoen af te lê. Daar wag nog net een ligawedstryd op ons – Maandag teen Onze Rust Primêre Skool. 'n Groot dankie aan elke ouer vir u geduld, aanmoediging en ondersteuning gedurende hierdie seisoen. Ons waardeer die feit dat u saam met ons die ekstra reëlings, vervoer en besige program moontlik gemaak het.

Van Engels, spelling en redenaars tot boekkarakters, hokkie en nou die toetsreeks – by Tjokkies bly ons besig om geleenthede te skep waarbinne ons leerders kan groei, ontdek en hul beste kan gee.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 4 Sept.: | Lentedagvieringe (einde van "English week") |
| 7 Sept.: | Toetsweek begin vir Gr. 4-7 leerders |
| 8 Sept.: | GSF Spelkompetisie |
| 9 Sept.: | Departement Gesondheid besoek skool (Gr. 5 seuns en dogters) |
| 10-12 Sept.: | UNISA Musiekeksamen (Musiekleerders) |

## VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 9 Sept.: | Juf. Himke Steenkamp (Gr. 1) |
| 10 Sept.: | Juf. Leonie Corbett (Gr. 6) |

## ANDER

**Uitslae Spelling Bee**

Baie geluk aan die volgende Tjokkie-leerders wat plekke behaal het:

**Graad 4**
1ste - Hanné Maartens
2de - Natalee Watson
**Graad 5**
1ste - Avah Ceronio
3de - Margette de Villiers
**Graad 6**
1ste - Ben Welman
**Graad 7**
1ste - Damion Adriaanse
2de - Christo de Lange
3de - SJ Kruger

# HERREGISTRASIE

Elke leerder (graad 1 – 6) het 'n brief insake herregistrasie vir volgende jaar ontvang. Dui asb. aan of die leerder herregistreer vir volgende jaar, of u gaan verhuis en of u nog onseker is.

Vul dit asb. in en stuur dit terug na die klasonderwyser. Sluitingsdatum hiervoor is 18 September 2026.

# MAMMAS WAT BID

**Ten goede**

ROMEINE 8:28 AFR83

[28] Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.

God is daagliks besig om in alle omstandighede goedheid vir en in Sy kinders te bewerkstellig ("Ek is oortuig dat God die goeie werk wat Hy in julle begin het, sal voortsit totdat Hy dit voltooi op die dag wanneer Jesus Christus terugkom." FILIPPENSE 1:6 NLV)

Die goedheid wat God in gedagte het, is meer as net onmiddellike verligting, tydelike gemak of aardse sukses. Sy goedheid vir ons is om soos Christus te word ("Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun..." ROMEINE 8:29 AFR83)

**Hoekom is dít vir ons goeie nuus?**

Die goedheid wat God vir ons wil meewerk is:

- Dieper geloof in Hom

- Dieper afhanklikheid van God

- Goddelike karakter en deursettingsvermoë

- Medelye om ander te kan troos en te bemoedig

Kom ons lig ons kenne! Die Here is besig met 'n goeie werk in en vir ons! ("U is goed en doen goed..." PSALMS 119:68 AFR53)

# SNUFFELS



Letsatsi
PRIVATE GAME LODGE
TAILORED Events!
Custom Conference & Yearend Functions.
Accommodation Available
082 311 2201
072 610 9390
info@letsatsigamelodge.com
www.letsatsigamelodge.com

# VAKATURE:
# ALGEMENE KANTOOR KLERK

MAGALIES®

## SLUIT BY ONS SPAN IN BLOEMFONTEIN AAN



Magaliesberg Sitrus Maatskappy (Edms) Beperk is op soek na 'n detailgeoriënteerde en betroubare Algemene Kantoor Klerk om by ons span in Bloemfontein aan te sluit.

## KERNVERANTWOORDELIKHEDE

- Algemene kantooradministrasie, insluitend fakturering, ontvangs, kleinkas, liassering, elektroniese kommunikasie en toonbankverkope.
- Weeklikse voorraadopnames, voorraadkontrole en voorraadbestellings.
- Weeklikse en maandelikse debiteure-rekonsiliasies en debiteure-invorderings.
- Daaglikse direkte skakeling met Hoofkantoor.
- Logistieke reëlings vir voorraadaflewerings.
- Weeklikse loonadministrasie.
- Weeklikse voorbereiding van verslae aan die Depotbestuurder en Hoofkantoor.
- Goeie kliëntediens lewer en positiewe verhoudinge bou en handhaaf.

## VEREISTES

- Minimum vereiste: Matriek.
- Goeie kommunikasie- vaardighede en professionele skryfstyl in Afrikaans en Engels.
- Rekenaargeletterdheid in MS Word, Excel en Outlook; SYSPRO- en/of Pastel-ondervinding sal 'n aanbeveling wees.
- Goeie tydsbestuur en die vermoë om by verskillende werksomstandighede aan te pas.
- Selfgemotiveerd, met die vermoë om werk spoedig, korrek en noukeurig af te handel.
- Professionele telefoonetiket.
- Ten minste 5 jaar toepaslike ondervinding in kantooradministrasie.
- Ondervinding in FMCG-administrasie sal tot voordeel wees.
- Eie vervoer is noodsaaklik.

**AKKURAAT • BETROUBAAR • DIENSGERIG**

**Indien jy gereed is vir 'n nuwe uitdaging, doen vandag nog aansoek.**

Dien jou CV voor **14 September 2026** in by: pjvermeulen@magaliescitrus.co.za

Webwerf: magaliescitrus.co.za | Telefoon: 051 433 1751 | Ligging: Bloemfontein, Vrystaat




**Daar is niks so gewild soos 'n Tjokkie Sokkie nie! Dit word deur Tjokkies Preprimêr aangebied vir Tjokkie-ouers, vriende, familie en oud-Tjokkies! Kom vier ons 30ste bestaansjaar en dans saam!!**